

**DIE BEPALING VAN DIE PSIGOMETRIESE EIENSKAPPE VAN  
DIE GESINSKOHERENSIE-VRAELYS EN DIE  
GESINSFUNKSIONERINGSVRAELYS VIR GEBRUIK ONDER  
NOORD-SOTHOS**

**ANDRÉ BOUWER**



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die  
graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Voorigtingsielkunde)  
aan die Universiteit van Stellenbosch

**Studieleier: Prof A P Greeff**

Desember 2004

## **VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is, wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

A. BOUWER

## OPSOMMING

Die doel van die huidige ondersoek was om die psigometriese eienskappe van die Gesinskoherensie-vraelys (FSoC) wat deur Antonovsky en Sourani ontwikkel was, vir gebruik onder Noord-Sothos te bepaal. Om hierdie doeleindes te bereik, was die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8) wat deur McCubbin, Thompson en Elver ontwikkel was, as 'n kriterium gebruik om die eksterne geldigheid van die FSoC-vraelys te valideer. Die FACI-8 meet gesinsfunksionering volgens die Kontekstuele-model van gesinsfunksionering, wat deur Olson, Russell en Sprenkle ontwikkel was.

Volgens Antonovsky sal gesinne wat oor 'n sterk ontwikkelde koherensiesin beskik, beter funksioneer as gesinne wat oor 'n swak ontwikkelde koherensiesin beskik. Gevolglik was gesinsfunksionering as 'n maatstaf van gesinskoherensie gebruik.

Die vraelyste moes eers na Sepedi (die taal van die Noord-Sotho) vertaal word, alvorens die vraelyste afgeneem kon word. Die betroubaarheid van die vraelyste was deur middel van Cronbach-alfa koëffisiënte bereken. Die konstrugeldigheid van die vraelyste was deur middel van Jöreskog se Passingstoets bepaal. Die statistiese verwerkings was deur middel van die Statistica 6 rekenaarprogram behartig.

Die resultate van die huidige ondersoek dui daarop dat die FSoC-vraelys met omsigtigheid benader moet word vir gebruik onder Noord-Sothos. Die FSoC-vraelys het nie bevredigende betroubaarheids- en geldigheidsindekse gelewer nie. Die FSoC-vraelys het wel eksterne geldigheid getoon, wanneer dit met die FACI-8 gevalideer was.

Die FACI-8 het betroubare en geldige metings van gesinsfunksionering volgens die Kontekstuele-model onder Noord-Sothos in die huidige ondersoek gelewer. Die gevolgtrekkings wat op grond van die huidige ondersoek gemaak word, is dat die FSoC-vraelys nie bruikbaar is onder Noord-Sothos nie, terwyl die FACI-8 wel gebruik kan word om gesinsfunksionering onder Noord-Sothos te meet.

## SUMMARY

The aim of the present study was to investigate the psychometric properties of the Family Sense of Coherence Questionnaire (FSoC) for use among Northern Sothos. Antonovsky and Sourani developed the FSoC-questionnaire to measure the sense of coherence of families. The family sense of coherence is based on the individual sense of coherence construct, which was developed by Antonovsky. According to Antonovsky, families with a strong sense of coherence will function better than families with a weak sense of coherence. Therefore family functioning was used as criteria to validate the external validity of the FSoC-questionnaire.

Olson, Russell and Sprenkle developed the Family Attachment and Changeability Index (FACI-8) to measure family functioning according to the Circumplex model. For the purpose of this study the two questionnaires were translated to Sepedi (the language of the Northern Sotho). The reliability of the two questionnaires was assessed by means of Cronbach-alpha coefficients. The construct validity of the two questionnaires was assessed by means of Jöreskog's Goodness of Fit Index (GFI). The statistical analysis was done with Statistica 6 software.

The results drawn from the present study indicates that the FSoC-questionnaire is not a reliable and valid instrument to measure families' sense of coherence among Northern Sothos. Significant high correlations with the FACI-8 however, indicated that the FSoC might be considered for use among Northern Sothos, if only the total scores are taken into consideration.

The FACI-8 however, proved to be a reliable and valid instrument to measure family functioning according to the Circumplex model among Northern Sothos. The conclusions drawn from the present study are that the FACI-8 is a suitable instrument for use among the Northern Sothos, whereas the FSoC-questionnaire is not.

## **BEDANKINGS**

Hiermee bedank ek graag die volgende persone en instansies vir hulle bydrae en ondersteuning:

- Ons Skepper vir gesondheid en verstandelike helderheid
- Prof Awie Greeff vir sy bekwame leiding, aanmoediging en hulp
- Die personeel verbonde aan die Departement Sielkunde, Universiteit van Stellenbosch, vir persoonlike en professionele ontwikkeling
- Dr Martin Kidd, verbonde aan die Sentrum vir Statistiese Konsultasiedienste by die Universiteit van Stellenbosch, vir die statistiese verwerkings en verduideliking daarvan
- Die personeel van die Universiteitsbiblioteek van Stellenbosch vir hulle vriendelike en nougesette hulp met die verkryging van literatuur
- Me Magdalene Mapokgole en Pastoor Max Rasakanya wat gehelp het met die data-insameling
- Die Taalburo van die Universiteit van die Noorde wat die vraelyste na Sepedi vertaal en terugvertaal het
- Me Gloria Manamela, sielkundige verbonde aan die Studenteburo by die Universtiteit van die Noorde, wat gehelp het met die kontrolering van die vertaalde vraelyste
- Al die deelnemers wat bereid was om vrywillig aan die ondersoek deel te neem
- Kolonel Warren Burgess vir sy ondersteuning, vriendskap en aanmoediging
- Dr Piet Croucamp vir sy vriendskap, hulp en aanmoediging
- Mnr Pieter Pretorius wat die werkstuk taalkundig versorg het
- Al my familie en vriende wat my deurgaans gehelp en ondersteun het
- Ek dra hierdie werkstuk op aan my ouers, wat nie meer hier is om die vreugde hiervan saam met my te deel nie. Ek weet hulle sou baie trots wees op die voltooiing van die werkstuk

## INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
LYS VAN TABELLE	iii
LYS VAN FIGURE	iv
<b>1. Inleiding, motivering vir en doelstellings met die ondersoek</b>	
1.1 Inleiding	1
1.2 Motivering vir die ondersoek	1
1.3 Doelstellings met die ondersoek	2
1.4 Begripsbepaling	3
1.4.1 Patogenese	3
1.4.2 Salutogenese	3
1.4.3 Fortigenese	5
<b>2. Teoretiese grondslae</b>	
2.1 Psigometriese Eienskappe	6
2.1.1 Betroubaarheid	6
2.1.2 Geldigheid	8
2.2 Statistiese Prosedures	13
2.2.1 Eksploratiewe faktorontleding	14
2.2.2 Bevestigende faktorontleding	15
<b>3. Literatuur oorsig</b>	
3.1 Koherensiesin	17
3.2 Gesinskoherensie	20
3.3 Die Kontekstuele benadering tot Gesinsfunksionering	23
<b>4. Metode van Ondersoek</b>	
4.1 Meetinstrumente	26
4.2 Steekproefneming	29
4.3 Deelnemers	29
4.4 Data-insameling	30

<b>5. Resultate</b>	
5.1 Betroubaarheid	32
5.2 Geldigheid	33
<b>6. Bespreking, Gevolgtrekkings en Aanbevelings</b>	
6.1 Die Gesinsfunksioneringsvraelys as eksterne kriterium	38
6.2 Psigometriese eienskappe van die Gesinskoherensievraelys	39
6.3 Gevolgtrekkings	40
6.4 Aanbevelings	41
<b>Verwysingslys</b>	42
<b>Bylaag A</b> Sepedi Gesinskoherensievraelys	48
<b>Bylaag B</b> Sepedi Gesinsfunksioneringsvraelys	54
<b>Bylaag C</b> Biografiese Vraelys	55

**LYS VAN TABELLE**

	Bladsy
Tabel 1: Cronbach-alfa Betroubaarheidskoëffisiënte vir die Gesinskoherensie-vraelys (FSoC) en die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8) (N=144)	32
Tabel 2: Resultate van Bevestigende Faktorontledings vir die drie sub-skale van die Gesinskoherensie-vraelys (N=144)	34
Tabel 3: Resultate van Bevestigende Faktorontledings vir die twee sub-skale van die Gesinsfunksioneringsvraelys (N = 144)	35
Tabel 4: Resultate van Bevestigende Faktorontleding vir 'n enkel-faktor model van die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8)	36



## LYS VAN FIGURE

### Bladsy

Figuur 1:	'n Voorstelling van 16 moontlike gesinstipes volgens die Kontekstuele-model (Olson, 1993).	24
Figuur 2:	'n Voorstelling van totaal-tellings behaal op die Gesinskoherensie-vraelys en die Gesins-funksioneringsvraelys (N=144).	37

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

#### 1.1 Inleiding

Die sentrale tema van die huidige ondersoek handel oor Aaron Antonovsky se teorie oor die konstruk koherensiesin. Vir hierdie doeleindes het Antonovsky sy teorie geoperasionaliseer deurdat hy aanvanklik die Koherensiesin-vraelys (SoC), en later die Gesinskoherensie-vraelys (FSoC) ontwikkel het. Die bepaling van die psigometriese eienskappe van die Gesinskoherensie-vraelys vir gebruik onder Noord-Sothos vorm die hoof doelwit van die huidige ondersoek.

Die betroubaarheid, geldigheid en bruikbaarheid van die Gesinskoherensie-vraelys vir gebruik onder Noord-Sothos is ondersoek. Om die eksterne geldigheid van die Gesinskoherensie-vraelys te bepaal, is die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8) van McCubbin, Thompson en Elver as eksterne kriterium gebruik. Die FACI-8 vraelys is gebaseer op David Olson se teorie oor gesinsfunksionering, naamlik die Kontekstuele benadering tot gesinsfunksionering (McCubbin, Thompson & McCubbin, 1996).

Olson het sy teorie geoperasionaliseer deur middel van die Family Adaptability and Cohesion Evaluation Scales (FACES). Die FACI-8, wat in die huidige ondersoek gebruik is, is 'n verkorte weergawe van FACES. Vir die doel van die huidige ondersoek is hierdie twee vraelyste na Sepedi (die taal van die Noord-Sotho) vertaal. Die psigometriese eienskappe van beide die vraelyste moet eers bepaal word, alvorens hierdie vraelyste onder Noord-Sothos gebruik kan word.

#### 1.2 Motivering vir die ondersoek

Volgens Foxcroft (1997) is daar min sielkundige meetinstrumente in Suid-Afrika wat geskik is vir gebruik onder Swartes. Van die bestaande gestandaardiseerde meetinstrumente is nie vir sydigheid getoets nie. Gevolglik bestaan daar 'n dringende behoefte vir die ontwikkeling van kultuurvrye sielkundige meetinstrumente vir gebruik in die multi-kulturele Suid-Afrikaanse konteks. Volgens Foxcroft het die proses van toetsstandardisasie en -ontwikkeling nie so vinnig plaasgevind as wat verwag is nie. Sy skryf dit toe aan die feit dat die ontwikkeling en standardisasie van sielkundige meetinstrumente 'n moeilike en komplekse taak is.

'n Verdere rede vir die stadige ontwikkeling van sielkundige meetinstrumente is die

posisie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Die RGN was tradisioneel die instansie wat sielkundige meetinstrumente in Suid-Afrika ontwikkel het. Die rasionaliseringsproses van die RGN het daartoe bygedra dat baie ervare toetsontwikkelaars die diens verlaat het. Die RGN het ook hulle funksie van toetsontwikkeling afgeskaal. Gevolglik rus hierdie funksie nou by universiteite, opvoedkundige instansies en private ondernemings (Foxcroft, 1997).

Psigometriese meetinstrumente word krities deur die publiek dopgehou en toetsverbruikers moet verseker dat die instrumente wat hulle gebruik wel geskik is vir die doel waarvoor dit aangewend word (Hambleton, Swaminathan & Rogers, 1991).

Volgens Hickson, Christie en Shmukler (1990) word Sielkunde in Suid-Afrika gereken irrelevant te wees vir die meerderheid van die bevolking, naamlik die Swart gemeenskap. Die uitdaging van Sielkunde in Suid-Afrika is om sielkunde uit te brei vir gebruik deur die breër sosio-ekonomiese, politieke, en kulturele spektrum van mense.

Taylor en Boeyens (1991) het daarop gewys dat Westerse sielkundige konstruksie nie blindelings op Swart Suid-Afrikanners van toepassing gemaak kan word nie. Alle sielkundige meetinstrumente moet eers getoets word vir geldigheid, betroubaarheid en bruikbaarheid, alvorens dit plaaslik gebruik word.

### **1.3 Doelstellings met die ondersoek**

Die doelstellings vir die huidige ondersoek was soos volg:

- 1.3.1 Die bepaling van die betroubaarheid van die Gesinskoherensie-vraelys en die Gesinsfunksioneringsvraelys vir gebruik onder Noord-Sothos.
- 1.3.2 Die bepaling van die konstrugeldigheid van die Gesinskoherensie- en Gesinsfunksioneringsvraelys onder Noord-Sothos.
- 1.3.3 Die bepaling van die eksterne geldigheid van die Gesinskoherensie-vraelys deur dit te korreleer met die Gesinsfunksioneringsvraelys.
- 1.3.4 Die bepaling van die bruikbaarheid van die betrokke vraelys vir gebruik onder Noord-Sothos.
- 1.3.5 Om die universele aard, en die moontlikheid om die onderliggende konstruksie te veralgemeen na die Noord-Sothos, te ondersoek.

1.3.6 Om die moontlikheid te ondersoek om sielkundige dienslewering op die gebied van gesinsfunksionering uit te brei na Noord-Sotho gesinne.

1.3.7 Om te bepaal tot watter mate gesinskoherensie as 'n voorspeller (kriterium) van gesinsfunksionering by Noord-Sothos gebruik kan word.

## **1.4 Begripsbepaling**

### **1.4.1 Patogenese**

Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997) en Strümpfer (1990) definieer patogenese as die ontstaan en ontwikkeling van 'n siekte of 'n psigiese versteuring. Dit is afgelei van die woord patologie, wat dui op die studie van siektes en versteurings.

Volgens Antonovsky (1979, 1987, 1996) stel die patogenese dit ten doel om te verklaar hoekom mense siek raak. Die patogenese fokus op 'n bepaalde siekte en probeer dit dan te behandel, of te voorkom. Die klem val op die siekte of op die probleem. Antonovsky was van mening dat die patogenese tot uitdrukking kom in die uitgebreide mediese wetenskap. 'n Mediese model word gevolg waar pasiënte presenteer met 'n bepaalde siekte en hierdie siekte dan behandel word. Die medici fokus dus op die siektetoestand en die simptomatologie.

Volgens Antonovsky (1987), Hawley en DeHaan (1996) en Strümpfer (1990) het die sielkunde vir lank binne die mediese model gefunksioneer. Hierdie model hou 'n digotomiese beskouing oor siekte ('n mens is óf gesond óf siek). Die konsepte van homeostase en orde is sentrale temas binne die patogenese. Lewende organismes neig volgens die patogenese van nature na homeostase en orde. Sodra die toestand van homeostase en orde deur stressore versteur word, ontstaan daar patologie.

### **1.4.2 Salutogenese**

Antonovsky (1979) het 'n nuwe paradigma in die sosiale wetenskappe ingelei, deurdat hy die konsep van salutogenese bekend gestel het. Antonovsky was van mening dat die patogenese 'n belangrike beweging is, en 'n groot bydrae lewer ten opsigte van menslike gesondheid. Hy het egter leemtes in die gesondheids-wetenskappe geïdentifiseer. As sosioloog, was hy van mening dat die mens agter die siekte misken word. Antonovsky was geïnteresseerd in faktore wat gesondheid bevorder, eerder as faktore wat siektes veroorsaak.

Volgens Strümpfer (1990) is 'n paradigma 'n gedagtegang wat so fundamenteel

aanvaar word, dat dit immuun is teen empiriese toetsing. Die term 'paradigma' sluit aan by die Duitse term "zeitgeist" wat dui op bepaalde denkrigtings, binne 'n gegewe tydsbestek, rondom sekere kennis. Dit is 'n bepaalde tydsgees wat heers oor hoe die mensdom sekere kennis interpreteer.

In die Sielkunde was daar 'n bepaalde tydsbestek waar daar hoofsaaklik vanuit 'n patogene paradigma gedink is. Sielkundiges het hulle hoofsaaklik bemoei om die oorsprong van sielkundige probleme te verstaan en dit te behandel. In die salutogenese word daar gefokus op die oorsprong van gesondheid, eerder as siekte (Strümpfer, 1990). Hierdie nuwe gedagtegang het 'n totale klemverskuiwing te weeg gebring.

Na aanleiding van McCubbin *et al.* (1980) se dekade-opsomming oor die ontwikkeling op die gebied van gesinskrisisse en gesinsaanpassing, is dit duidelik dat daar 'n paradigma verskuiwing sedert die tagtigerjare in die gesinswetenskappe na vore getree het. Hier word spesifiek verwys na die klemverskuiwing vanaf patogenese na salutogenese.

Volgens Antonovsky (1987, 1996, 1998) en Strümpfer (1990) stel die term salutogenese 'n bepaalde vraag; naamlik watter faktore tot gesondheid lei, terwyl die patogenese fokus op faktore wat tot siektes lei. Salutogenese dui op die studie na die oorsprong van gesondheid. Antonovsky was geïnteresseerd in die onbekende oorsprong van gesondheid. Hy was veral geïnteresseerd in die vraag na hoe mense spanning hanteer en geestesgesond bly. Die salutogenese probeer verklaar hoekom mense gesond bly, ten spyte van die teenwoordigheid van patogene agente. Volgens Antonovsky is die salutogenese 'n teorie oor aanpassing. Hy het navorsing gedoen oor sterk eienskappe waaroor die mens beskik, wat hom laat aanpas by spanningsvolle omstandighede.

Die salutogenese verskil radikaal van die patogenese. Die eerste radikale verskil handel oor die aanname van die salutogenese dat 'n lewende organisme van nature na heterostase en wanorde neig. Ongemak en probleme is volgens die salutogenese deel van die alledaagse bestaan en daarom neig die organisme na disekwilibrium. Die mens moet gedurig aanpas by stressore en krisisse. Die lewe word gekenmerk deur traumatiese en spanningsvolle gebeure. Antonovsky verwys spesifiek na omstandighede soos oorloë, hongersnood, natuurrampe en armoede. Stressore is

alomteenwoordig en Antonovsky het dit wonderbaarlik gevind dat die mens ten spyte hiervan oorleef en selfs floreer (Antonovsky, 1987).

'n Volgende radikale verskil tussen die salutogenese en patogenese handel oor die digotomiese uitgangspunt van die patogenese. Volgens die salutogenese ervaar alle mense gemak of ongemak op enige gegewe tydstip. Die mate daarvan kan op 'n kontinuumskaal aangedui word. Die salutogenese verskil in beginsel van die patogenese in die opsig dat die salutogenese positiewe aanpassing op stressore beklemtoon, waar patogenese negatiewe aanpassing op stressore beklemtoon. Die salutogenese fokus op die persoon agter die simptome en probeer die interaksie tussen die mens en sy siekte verstaan (Antonovsky, 1987; Antonovsky & Sourani, 1988).

'n Verdere radikale verskil tussen die salutogenese en die patogenese handel oor die feit dat die patogenese hipoteses toets en poog om oorsaaklikhede te bepaal. Die salutogenese fokus op die uitsonderlike gevalle. Die salutogenese probeer verklaar hoekom sekere persone nie volgens teoretiese verwagtinge op stressore reageer nie (Antonovsky, 1987).

### **1.4.3 Fortigenese**

Strümpfer (1995) wys daarop dat Antonovsky 'n onderskeid getref het tussen die twee begrippe "health" en "well-being". Die onderskeid tussen gesondheid ("health") en welstand ("well-being") moet dus getref word. Die term salutogenese is 'n samestelling van die Latynse woord "salus", wat 'gesondheid' beteken en die Griekse woord "genesis", wat 'oorsprong' beteken. Die term salutogenese dui dus na die 'oorsprong van gesondheid'.

Volgens Strümpfer (1995) verwys salutogenese na die term "health". Wanneer hierdie paradigma na die geesteswetenskappe uitgebrei word, sal die term 'fortigenese' meer toepaslik wees, aangesien "well-being" eerder na 'welstand' en 'geestesgesondheid' verwys. Meer spesifiek verwys die term na sterk eienskappe wat die mens beskerm teen die aanslae van die lewe. "Fortis" is 'n Latynse woord wat 'sterk' beteken. Dus dui die term 'fortigenese' na die 'oorsprong van sterktes'. Gevolglik het Strümpfer voorgestel dat die term salutogenese uitgebrei word na die term fortigenese. Hy was van mening dat dit 'n meer omvattende beskrywing van Antonovsky se konsep verteenwoordig.

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE GRONDSLAE

#### 2.1 Psigometriese Eienskappe

Betroubaarheid en geldigheid is volgens Kline (1986, 2000) en Smit (1991) die ver- naamste psigometriese eienskappe van 'n sielkundige meetinstrument. Die betroubaar- heid en geldigheid van sielkundige meetinstrumente moet verstaan word teen die agtergrond van 'n kontinuum. 'n Toets moet betroubaar wees om geldig te kan wees. Betroubaarheid is 'n voorvereiste vir geldigheid, alhoewel 'n toets met hoë geldigheid nie noodwendig betroubaar is nie. Vervolgens word die betroubaarheid en geldigheid van sielkundige meetinstrumente in diepte bespreek.

##### 2.1.1 Betroubaarheid

Huysamen (1996) het die betroubaarheid van 'n sielkundige meetinstrument soos volg gedefinieer:

Betroubaarheid verwys na die konsekwentheid waarmee dit meet wat dit ookal meet, afgesien van wanneer dit toegepas word, watter vorm daarvan gebruik word, deur wie dit nagesien word, ensovoorts. Dit verwys dus na die konsekwentheid van tellings oor toepassings heen wat verskillende geleenthede, toetsvorms, nasieners, ensovoorts, behels. (p. 20)

Volgens Kline (2000) verwys die betroubaarheid van sielkundige meetinstrumente na twee spesifieke betekenis; naamlik die stabiliteit wanneer die meting oor tyd her- haal word, soos bepaal deur die toets-hertoets betroubaarheid, en die interne stabiliteit.

Volgens Anastasi (1982), Smit (1991) en Wolfaardt (2001) verwys toetsbetrou- baarheid na die stabiliteit van toetstellings wat deur 'n toetsling behaal word wanneer die toetsling dieselfde toets by verskillende geleenthede afneem, of ekwivalente vorms van dieselfde toets, of tydens alternatiewe toets situasies. Dit dui op die konstantheid van toetsprestasie van dieselfde individu, in dieselfde toets, by verskillende geleenthede. Die betroubaarheid van 'n sielkundige meetinstrument dien as 'n maatstaf wat dui op die konstantheid waarmee dit meet, wat dit ook al ver- onderstel om te meet.

Geen sielkundige meetinstrument lewer egter konstante individuele metings by

verkillende geleenthede nie. Toetsprestasie wissel by verskillende metings. Dus sal daar altyd 'n metingsfout teenwoordig wees. Die ware telling is die verskil tussen die waargenome telling en die fouttelling. Hierdie afwyking van die ware telling staan bekend as die variansie (foutvariensie) van 'n bepaalde meetinstrument. Die betroubaarheid is gelyk aan die gekwadreerde korrelasie tussen die waargenome telling en ware telling. Hoe hoër die betroubaarheid, hoe beter korreleer die waargenome telling met die ware telling (Huysamen, 1996; Smit, 1991; Wolfaardt, 2001).

Die standaardmetingsfout is 'n indeks van die stabiliteit van toetslinge se prestasies in 'n bepaalde toets. Hoe groter die sistematiese wisseling, hoe laer die betroubaarheid. Betroubaarheid kan dus ook omskryf word as die verhouding van die ware tellingsvariensie tot die waargenome tellingsvariensie (Smit, 1991, 1996).

Die betroubaarheid van 'n sielkundige meetinstrument impliseer dus dat daar 'n standaardmetingsfout ter sprake is. Die grade van vryheid moet vasgestel word, alvorens daar 'n onderskeid getref kan word tussen ware verskille en toevallige verskille. Die betroubaarheid van 'n toets verwys na ware verskille en toevallige verskille in afsonderlike toetstellings. In ander woorde, dui 'n toets se betroubaarheid aan watter proporsie van die toetsvariensie foutvariensie verteenwoordig (Anastasi, 1982).

Foutvariensie is fluktuasies in toetstellings wat nie verband hou met die konstruk onder meting nie. Geen toets sal een honderd persent betroubaar wees nie, dus moet elke meetinstrument aandui watter mate van betroubaarheid verwag kan word. Betroubaarheid dui op die konsekwentheid van metingstellings tussen twee verskillende stelle metings. Gevolglik word betroubaarheid uitgedruk in terme van 'n korrelasiekoëffisiënt ( $r$ ). Die korrelasiekoëffisiënt dui die grade van ooreenkoms aan tussen die twee stelle tellings (Anastasi, 1982).

Die meeste indekse van toetsbetroubaarheid word uitgedruk as 'n korrelasiekoëffisiënt en staan bekend as die betroubaarheidskoëffisiënt ( $r_{tt}$ ). 'n Betroubaarheidskoëffisiënt is die korrelasie tussen twee stelle gegewens wat verkry is van dieselfde groep individue, en is 'n aanduiding van die konstantheid van meting. Die betroubaarheidskoëffisiënt kan dus omskryf word as 'n indeks van die konsekwentheid van meting met verloop van tyd (Smit, 1991).

Volgens Huysamen (1993, 1996) en Smit (1991) is daar vier verskillende metodes om die betroubaarheid van sielkundige meetinstrumente te bepaal, naamlik:



- (a) **Toets-hertoets betroubaarheid** dui die temporele stabiliteit van die instrument aan.
- (b) **Ekwivalente-vorm betroubaarheid** kan bepaal word deur twee ekwivalente vorme van dieselfde toets af te neem, of twee verskillende meetinstrumente wat dieselfde konstruk meet.
- (c) **Inter-beoordelaarsbetroubaarheid** word bepaal wanneer verskillende beoordelaars betrokke is. Korrelasies word bereken tussen die onderskeie beoordelaars se evaluering, om die konsekwentheid daarvan vas te stel.
- (d) **Inhoudsbetroubaarheid** verwys na die homogeniteit van die toets-items. Die homogeniteit van 'n toets word bepaal deur 'n ontleding van die interne stabiliteit van prestasies op die individuele toets-items. Inhoudsbetroubaarheid kan deur middel van die halfverdelingsmetode bepaal word. Dit sluit die Spearman-Brown formule, Cronbach se alpha-koëffisiënt en die Kuder-Richardson formule in.

Volgens Anastasi (1982), Anastasi en Urbina (1997), Huysamen (1993), Smit (1986), Taylor en Boeyens (1991) en Wolfaardt (2001) is die Cronbach-alpha koëffisiënt die aangewese metode om die betroubaarheid van persoonlikheidsvraelyste te bepaal. Die alpha-koëffisiënt dui op die inter-item stabiliteit. Met hierdie prosedure word die variansie van individuele tellings op elke item bepaal. Die variansie van al die items word dan bymekaar getel.

Cronbach het die alpha-koëffisiënt ontwikkel om die betroubaarheid van metingskale te bereken wat meervoudige-keuse antwoorde het. Cronbach-alpha word gebruik in plaas van die verdeelde-helfte (halfverdelings) metode. Sodoende hoef die items nie verdeel te word nie. Hierdie indeks dui op die mate waartoe al die items van 'n bepaalde meetinstrument dieselfde eienskap meet (Anastasi, 1982; Anastasi & Urbina, 1997; Huysamen, 1993; Smit, 1986; Taylor & Boeyens, 1991; Wolfaardt, 2001).

### 2.1.2 Geldigheid

Anastasi (1982), Cronbach (1984), Cronbach en Meehl (1955), Huysamen (1996), Kline (1986, 2000) en Smit (1986, 1991) is van mening dat die geldigheid van 'n sielkundige meetinstrument die belangrikste psigometriese eienskap is. Geldigheid is nie 'n inherente eienskap van 'n meetinstrument nie. 'n Meetinstrument 'is nie geldig of ongeldig nie'. Die geldigheid van 'n meetinstrument verwys na 'n bepaalde doel en

na 'n bepaalde situasie. 'n Meetinstrument is geldig wanneer dit daardie aspek meet wat dit veronderstel om te meet. Die afleidings wat gemaak word op grond van die onderliggende rasionaal van 'n meetinstrument is geldig, of ongeldig. 'n Sielkundige meetinstrument se geldigheid kan nie veralgemeen word nie. 'n Meetinstrument het nie 'n 'hoë' of 'n 'lae' geldigheid nie. Die geldigheid moet bepaal word met verwysing na die spesifieke konstrukte wat dit veronderstel om te meet. 'n Meetinstrument is slegs geldig vir 'n bepaalde doel.

Volgens Anastasi (1982) en Wolfaardt (2001) dui die geldigheid van 'n sielkundige meetinstrument op dit wat die instrument meet en hoe akkuraat die instrument meet wat dit veronderstel om te meet. Dit is nie 'n bepaalde eienskap van 'n meetinstrument nie, maar 'n aanduiding van die geskiktheid om 'n bepaalde konstruk te meet. Toets-geldigheid verwys na die verband tussen prestasie op die meetinstrument en ooreenstemmende waarneembare gedrag. Die geldigheid van 'n meetinstrument verwys na afleidings wat gemaak word op grond van prestasie op die meetinstrument en nie na onderliggende eienskappe van die bepaalde meetinstrument self nie.

Die geldigheid van 'n meetinstrument word bepaal deur 'n korrelasie te bereken tussen prestasies op die toets en 'n onafhanklike, objektiewe maatstaf (kriterium) van die gedragaspek wat gemeet word. Hierdie berekende korrelasiekoëffisiënt staan bekend as die geldigheidskoëffisiënt van 'n meetinstrument. Die geldigheidskoëffisiënt dui die korrelasie aan tussen die toetsstelling en die kriterium wat dit veronderstel om te meet (Smit, 1986, 1991).

Die metode om die geldigheid van 'n meetinstrument te bepaal hang af van die spesifieke doel daarvan. Afhangende van die aard van elke meetinstrument moet besluit word watter metode van geldigheidsbepaling die mees toepaslikste is. Daar bestaan nie 'n gestruktureerde manier waarvolgens die geldigheid van 'n meetinstrument bepaal kan word nie. Die wyse waarop te werk gegaan word sal afhang van die bepaalde omstandighede. Die vasstelling van die geldigheid van 'n meetinstrument word gereken die laaste stap tydens die ontwikkeling van 'n meetinstrument te wees (Foster & Cone, 1995; Smit, 1996).

Cronbach (1984), Cronbach en Meehl (1955), Huysamen (1996), Kline (1986, 2000), Smit (1986, 1991, 1996) en Wolfaardt (2001) onderskei tussen die volgende tipes geldigheid: inhoudsgeldigheid, voorkomsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid, same-

vallende geldigheid en konstruktgeldigheid.

### **2.1.2.1 Inhoudsgeldigheid**

Inhoudsgeldigheid dui op die mate waartoe die items van die meetinstrument alle moontlike aspekte van die bepaalde konstrukt wat dit veronderstel om te meet, verteenwoordig. Die toets-items moet die universum van alle moontlike items verteenwoordig.

### **2.1.2.2 Voorkomsgeldigheid**

Die voorkomsgeldigheid van 'n bepaalde meetinstrument handel daarvoor dat dit moet voorkom ('lyk so') asof die toets dieselfde konstrukt meet as wat dit veronderstel om te meet. Die toetsafnemer en die toetslinge moet tevrede wees dat die items verband hou met die konstrukt onder meting. Deelnemers moet die indruk kry dat die meetinstrument daardie aspek meet wat dit veronderstel om te meet. Sodoende behou die deelnemers die motivering om die betrokke meetinstrument te voltooi.

### **2.1.2.3 Voorspellingsgeldigheid**

Voorspellingsgeldigheid (of kriteriumverwante geldigheid) dui daarop dat prestasies op die meetinstrument moet korreleer met die gestelde kriteria. Toekomstige gedrag word voorspel aan die hand van prestasies op die meetinstrument. Sodoende word die eksterne geldigheid van 'n meetinstrument bepaal. Die voorspellingsgeldigheid van 'n meetinstrument word bepaal deur die berekening van 'n korrelasiekoëffisiënt tussen prestasies op die meetinstrument en 'n verifiëerbare kriterium wat verband hou met die gedrag wat gemeet word.

### **2.1.2.4 Samevallende geldigheid**

Samevallende geldigheid dui op twee verskillende aspekte. Eerstens dui dit daarop dat prestasies op die meetinstrument moet korreleer met bepaalde gedragsaspekte, soos byvoorbeeld diagnostiese toetse, wat onderskei tussen twee groepe ('n kontrole groep en 'n gediagnoseerde groep). Prestasies op die meetinstrument word gekorreleer met die teoreties-verwagte gedrag van die onderlinge groepe. Die tweede aspek dui daarop dat die meetinstrument moet korreleer met 'n ander, beproefde ekwivalente- vorm meetinstrument, wat dieselfde konstrukt meet.

### **2.1.2.5 Konstruktgeldigheid**

'n Konstrukt is 'n onwaarneembare hipotetiese veranderlike, wat tesame met ander

konstrukte, beginsels, wette en veranderlikes 'n teorie vorm wat ten doel het om waarneembare gedrag te verklaar. Dit is 'n eienskap inherent aan menslike gedrag, wat deur 'n meetinstrument gemeet kan word. 'n Konstruk is 'n abstrakte berip wat doelbewus geskep is en wat as onderliggend aan 'n bepaalde versameling konkrete gedragswyses beskou word (Cronbach & Meehl, 1955; Huysamen, 1993, 1996).

'n Teorie is 'n stelling of 'n versameling stellings wat die verbande tussen onderskeie veranderlikes spesifiseer, met die doel om menslike gedrag in een of ander populasie te verklaar (Huysamen, 1993).

Die konstrugeldigheid van 'n sielkundige meetinstrument kan gedefinieer word as: die mate waartoe dit die hipotetiese konstruk meet wat dit veronderstel om te meet. Daar moet dus bepaal word hoe 'n individu se prestasie op die meetinstrument korreleer met tellings van ander maatstawwe van dieselfde konstruk (Huysamen, 1996).

Konstrugeldigheid dui op die mate waartoe 'n meetinstrument die onderliggende konstruk meet en nie 'n ander onverwante konstruk nie. Een van die wyses om konstrugeldigheid te bepaal, is deur middel van faktorontleding. Faktorontleding behels die ontleding van die korrelasies tussen die onderskeie indikatore. Konstrugeldigheid dui op die bepaalde konstruk wat die toets veronderstel om te meet en hoe akkuraat die instrument daardie konstruk meet. Dit dui tot watter mate die variansie in toetstellings deur die bepaalde konstruk onder meting verklaar word (Mouton & Marais, 1990).

Loevinger (aangehaal in Clark & Watson, 1995) definieer konstrugeldigheid as: die mate waartoe 'n meetinstrument se interne struktuur (inter-item korrelasies), ooreenstem met die eksterne struktuur van die konstruk onder meting. Die items moet die onderliggende latente variansie van die konstruk verklaar.

Binne die raamwerk van kriteriumgegewens en -informatie moet die navorser voortdurend 'n waardering maak van die instrument se konstrugeldigheid. Dit blyk 'n tyd-same proses te wees, waartydens die konstrugeldigheid van die instrument gestalte kry, namate meer inligting beskikbaar raak (Cronbach, 1984; Smit, 1991).

Cronbach en Meehl (aangehaal in Smit, 1991) lig hierdie aspek soos volg toe:

We start with a vague concept, which we associate with certain observations. We then discover empirically that these observations covary with some other observations which possesses greater reliability or is more intimately

correlated with relevant experimental changes than is the original measure of both. (p. 73)

Volgens Cronbach en Meehl (1955) word konstrukgeldigheid nie soseer deur spesifieke tegnieke bepaal nie, maar eerder deur 'n bepaalde benadering deur die navorser. Konstrukgeldigheid moet ondersoek word wanneer geen duidelike kriterium beskikbaar is om die konstruk onder meting volledig te verklaar nie. Die bepaling van konstrukgeldigheid is die toepaslike metode om 'n teorie oor 'n bepaalde verband tussen veranderlikes te ondersoek. 'n Statistiese uitspraak oor konstrukgeldigheid verwys na die proporsie van die toetstelling-variëansie wat toegeskryf kan word aan die bepaalde konstruk.

Volgens Clark en Watson (1995) kan die konstrukgeldigheid van 'n meetinstrument nie deur 'n enkele metode bepaal word nie. Die konstrukgeldigheid moet deur 'n reeks verskillende metodes bepaal word, byvoorbeeld die onderliggende faktorstrukture kan ontleed word, korrelasies met ander ekwivalente meetinstrumente kan getref word, groepsdifferensiasies kan ontleed word, of verwagte gedragsveranderings as gevolg van intervensies kan oor tyd bepaal word.

Volgens Huysamen (1993) word die teorie oor konstrukgeldigheid deur Campbell en Fiske breedvoerig verwoord in hul multitrek-multimetode benadering. Om konstrukgeldigheid volgens hierdie metode te ondersoek, moet ten minste twee konstrunkte (trekke) elk, deur minstens twee meetmiddels gemeet word. Om oor hoë konstrukgeldigheid te beskik, moet 'n meetinstrument oor konvergente, sowel as diskriminante geldigheid beskik.

Konvergente en diskriminante geldigheid dui aan tot watter mate 'n bepaalde konstruk ooreenstem, en verskil, van konstrunkte waarmee dit veronderstel is om so te doen (Campbell & Fiske, 1959; Foster & Cone, 1995; Huysamen, 1993; Marsh & Grayson, 1995).

Konvergente geldigheid dui op hoë korrelasies met ander metings van dieselfde konstruk. Prestasies op die bepaalde meetinstrument moet korreleer met prestasies op 'n ander beproefde meetinstrument wat dieselfde konstruk meet (konstrukgeldigheid). Daar moet 'n verband tussen die bepaalde konstruk en aanverwante konstrunkte wees (Campbell & Fiske, 1959; Foster & Cone, 1995; Huysamen, 1993).

Diskriminante geldigheid dui op lae korrelasies met onverwante konstrunkte. Daar

moet nie 'n korrelasie wees tussen die bepaalde konstruk en ander onverwante konstrunkte nie. Daar moet duidelike onafhanklikheid tussen die bepaalde konstruk en onverwante konstrunkte wees (Campbell & Fiske, 1959; Foster & Cone, 1995; Huysamen, 1993). Clark en Watson (1995) stel dit as volg: "a good theory articulates not only what a construct is, but also what it is not" (p. 311).

Loevinger (aangehaal in Clark & Watson, 1995) het onderskei tussen interne en eks-terne geldigheid. Interne geldigheid sluit inhoudsgeldigheid en konstrukgeldigheid in.

Volgens Anastasi en Urbina (1997), Marsh en Bailey (1991) en Marsh en Grayson (1995) is bevestigende faktorontleding die mees algemeen aanvaarde metode om konstrukgeldigheid te bepaal.

## **2.2 Faktorontleding**

Volgens Royce (aangehaal in Kline, 1986) is 'n faktor "a construct operationally defined by its factor loadings" (p. 86).

Volgens Anastasi (1982), Kline (2000), Watkins (1989) en Wolfaardt (2001) is faktorontleding 'n statistiese tegniek wat die interafhanklikheid van veranderlikes meet. Faktorontleding is 'n metode om konstruk-ekwivalensie te bepaal. Die doel met faktorontleding is om die onderliggende konstrunkte of veranderlikes te identifiseer en saam te groepeer, deur onderlinge ooreenkomste te illumineer. 'n Groep veranderlikes word verminder tot ooreenstemmende minder veranderlikes. Die gemene delers word sodoende geïdentifiseer.

Clark en Watson (1995) is van mening dat faktorontleding inligting bied oor 'n bepaalde konstruk, maar nie hierdie inligting verklaar nie. Gevolglik behels faktorontleding nie net bloot die seleksie van items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai nie. Hierdie benadering mag lei tot die sogenaamde verswakkingsparadoks.

Die verswakkingsparadoks handel breedweg daaroor dat in sekere situasies kan die verhoging van 'n meetinstrument se interne-stabiliteit lei tot 'n verswakking van die geldigheid van die bepaalde meetinstrument. 'n Meetinstrument se interne-stabiliteit is 'n funksie van die inter-item korrelasies. Gevolglik kan 'n meetinstrument se interne-stabiliteit verhoog word deur die insluiting van 'n klomp homogene items. Die meetinstrument sal dan oor hoë interne-stabiliteit betroubaarheidskoëffisiënte beskik, maar die konstrukgeldigheid sal hierdeur ingeboet word (Clark & Watson, 1995).

Die uitdaging tydens toetskonstruksie is om die geldigheid te verhoog, en nie noodwendig die betroubaarheid nie. Daar is 'n optimale vlak van betroubaarheid waaraan 'n sielkundige meetinstrument moet voldoen. Sodra 'n alpha-koëffisiënt van .80 bereik word, moet daar nie verder gepoog word om die betroubaarheidskoëffisiënt te verhoog nie (Clark & Watson, 1995).

Daar word tussen twee metodes van faktorontleding onderskei, naamlik eksploratiewe- en bevestigende faktorontleding. Breedweg verskil die twee benaderings ten opsigte van die metode wat gevolg word, sowel as die aannames wat oor die verwagte resultate gemaak word. Tydens eksploratiewe faktorontleding word die primêre faktore wat die meeste variansie verklaar, onttrek. Bevestigende faktorontleding dien as 'n passingstoets om die residuele variansie te verklaar, nadat die primêre faktore onttrek is (Floyd & Widaman, 1995).

Wanneer 'n navorser gebruik maak van faktorontleding moet die rasionaal, spesifieke tegnieke, kriteria waarvolgens interpretasies gemaak word, en die resultate van al die ontledings duidelik gerapporteer word, sodat ander navorsers dit kan verstaan en moontlik repliseer (Floyd & Widaman, 1995).

### **2.2.1 Eksploratiewe faktorontleding**

Wanneer navorsing oor 'n onbekende domein gedoen word en daar nie genoegsame kennis oor die konstrakte onder meting bestaan nie, is eksploratiewe faktorontleding die aangewese metode van navorsing. Latente veranderlikes word sodoende geïdentifiseer. Algemene variansie en spesifieke variansie word deur middel van algemene faktorontleding verklaar. Eksploratiewe faktorontleding kan ook gebruik word om data te reduseer (Floyd & Widaman, 1995; Watkins, 1989).

Eksploratiewe faktorontleding word gebruik wanneer onderliggende dimensies van 'n bepaalde domein van funksionering deur middel van 'n meetinstrument geïdentifiseer word. Die onderliggende faktore van 'n bepaalde konstruk word sodoende geïdentifiseer. Eksploratiewe faktorontleding word gebruik tydens die ontwikkelingsfase van 'n bepaalde meetinstrument. Die onderliggende subskale van die meetinstrument word sodoende geïdentifiseer (Floyd & Widaman, 1995).

Eksploratiewe faktorontleding begin met geen gespesifiseerde model nie, alhoewel die hoeveelheid faktore wat onttrek gaan word, en hoe dit onttrek gaan word, vooraf deur die navorser bepaal moet word. Geen ontleding oor faktore kan gemaak word

alvorens die navorser sekere aannames of hipoteses gestel het oor die verwagte verband tussen die onderliggende faktore nie (Hoyle, 1995).

### **2.2.2 Bevestigende faktorontleding**

As 'n navorser oor genoegsame kennis oor die konstrukte onder meting beskik en in 'n posisie is om spesifieke hipoteses oor die aard van die konstrukte te formuleer, is bevestigende faktorontleding die aangewese metode om te gebruik. Bevestigende faktorontleding is veral geskik om hipoteses te ondersoek. Die navorser moet in 'n posisie wees om die hoeveelheid faktore vooraf te spesifiseer en 'n voorspelling te kan maak oor die waarskynlike ladings van elke faktor. Bevestigende faktorontleding word gebruik as 'n passingstoets om te bepaal of 'n gegewe model die onderliggende faktorstruktuur bevestig (Floyd & Widaman, 1995; Van de Vijver & Leung, 1997; Watkins, 1989).

Volgens Church en Burke (aangehaal in McCrae, Zonderman, Costa, Bond & Paunonen, 1996) en Floyd en Widaman (1995) is bevestigende faktorontleding by uitstek geskik om die faktorstrukture van eenvoudige strukture te ondersoek. Bevestigende faktorontleding word ook aangedui wanneer die meetinstrument relatief kort is (min items bevat) en daar slegs 'n enkele onderliggende faktor is, of duidelik onderskeibare onderliggende konstrukte betrokke is. Bevestigende faktorontleding word in die gevorderde stadiums van instrument ontwikkeling gebruik om die meetinstrument te verfyn en te hersien.

Bevestigende faktorontleding is ook aangewese wanneer 'n navorser aanvullende kennis oor 'n bepaalde konstruk wil bekom. Wanneer die navorser gronde het om te vermoed dat 'n bepaalde domein moontlik nuwe feite mag lewer, is bevestigende faktorontleding die aangewese metode om dit te ondersoek. Bevestigende faktorontleding is primêr geskik om die konstrukgeldigheid van 'n bepaalde meetinstrument te bepaal. Konstrukgeldigheid word bevestig wanneer die verkreeë faktorstruktuur van die bepaalde meetinstrument ooreenstem met die faktorstruktuur wat die meetinstrument veronderstel om te evalueer (Floyd & Widaman, 1995).

Bevestigende faktorontleding is 'n statistiese tegniek wat gebruik word om te bepaal tot watter mate 'n bepaalde faktormodel 'n gegewe datastel pas. Bevestigende faktorontleding verskil van eksploratiewe faktorontleding omdat dit 'n ander metode



van ontleding gebruik. Die mees-waarskynlikheidsmetode word tydens bevestigende faktorontleding gebruik (Floyd & Widaman, 1995).

Die eerste stap tydens bevestigende faktorontleding is om die model te spesifiseer. Tydens modelspesifisering moet die verwagte aantal faktore gespesifiseer word en daar moet ook gespesifiseer word watter veranderlikes volgens verwagting op watter faktore gaan laai (Floyd & Widaman, 1995).

Van de Vijver en Leung (1997) het die volgende stapsgewyse benadering tot bevestigende faktorontleding aanbeveel:

- (a) Dit is algemeen aanvaarde praktyk dat begin word met die hipotese dat die faktore tussen groepe gelyk is.
- (b) Indien die faktore vergelykbaar is, moet die faktor-kovariansies bepaal word.
- (c) Gevolglik moet die faktor-variensie bepaal word.
- (d) Die navorser moet besluit hoeveel faktore onttrek gaan word.
- (e) Faktore moet geroteer word, totdat die data interpreteerbaar is.

Volgens Watkins (1989) kan die ekwivalensie van faktorstrukture tussen kulture bepaal word deur middel van bevestigende faktorontleding. Bestaande normatiewe data oor die konstruk onder meting kan gebruik word om die verkreeë resultate te vergelyk. Bevestigende faktorontleding is veral geskik vir gebruik tydens kruiskulturele navorsing.

Volgens Floyd en Widaman (1995), Marsh en Grayson (1995) en Watkins (1989) is bevestigende faktorontleding veral geskik vir gebruik by Multitrek-Multimetode (MTMM) ontledings. Die resultate van MTMM-ontledings dui konvergente, sowel as diskriminante geldigheid van 'n meetinstrument aan. Deur middel van faktorontleding met multitrek-multimetode matrikse, soos ander korrelasiematrikse, kan daar afleidings gemaak word oor die onderliggende faktore van 'n bepaalde konstruk.

## HOOFSTUK 3

### LITERATUUR OORSIG

#### 3.1 Koherensiesin

Antonovsky (1979, 1987) definieer koherensiesin as:

A global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that (a) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable and explicable; (b) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; and (c) these demands are challenges, worthy of investment and engagement. (p. 80)

Volgens Antonovsky (1979, 1987) vorm die koherensiesin-konstruk die basis van gesondheid. Die koherensiesin-konstruk handel oor die aanpassingsvermoë van die mens. Salutogenese is gebaseer op die feit dat dit voorkom of sekere mense 'n immuniteit teen siekte toon. Antonovsky was van mening dat veralgemene weerstandshulpbronne hierdie immuniteit verskaf. Hierdie verskynsel het Antonovsky die koherensiesin genoem. Volgens Antonovsky is die koherensiesin die sentrale tema van die salutogenese. 'n Sterk koherensiesin is noodsaaklik om by die verskeie lewensprobleme aan te pas en gesond te bly.

Volgens Antonovsky (1987) bestaan koherensiesin uit die volgende drie komponente, naamlik:

- (a) Die geneigdheid om die wêreld as **verstaanbaar**, gestruktureerd, voorspelbaar en georden te beleef.
- (b) Die geneigdheid om die lewe as **hanteerbaar** te ervaar. Probleme word as oplosbaar gesien. Die persoon beskik oor die persepsie dat die nodige ondersteuningshulpbronne beskikbaar is om aan te pas by die uitdagings wat die lewe bied.
- (c) Die geneigdheid om die lewe as **betekenisvol** te ervaar, bied die motivering en dryfkrag om probleme aan te pak en te probeer oplos.

Volgens Antonovsky (1998) verteenwoordig verstaanbaarheid die kognitiewe dimensie, hanteerbaarheid die konatiewe dimensie, en betekenisvolheid die

affektiewe dimensie.

Antonovsky (1979) was van mening dat die konstruk koherensiesin op 'n bepaalde lewensoriëntasie dui. Dit is 'n wyse waarop 'n mens die wêreld verstaan. 'n Persoon wat oor 'n sterk koherensiesin beskik sien die wêreld as sinvol, verstaanbaar en hanteerbaar. Die persoon wat oor 'n sterk koherensiesin beskik het die inherente vertroue dat dinge uiteindelik sal uitwerk. Ten spyte van terugslae en krisisse sal die lewe 'n positiewe uitkoms bied. Hulle beskik oor 'n ewewigtige realiteitsbesef en verstaan dat die lewe nie noodwendig altyd voorspoedig en regverdig verloop nie, maar berus hulle by dit wat die lewe bied.

Koherensiesin is dus 'n algemene lewensoriëntasie dat die lewe 'n konstante en dinamiese geneigdheid toon, wat dui op stabiliteit en deurlopendheid. Mense wat oor 'n sterk koherensiesin beskik is gebonde ten opsigte van die mense rondom hulle. Sulke individue beskik oor 'n interne lokus van kontrole en is van mening dat hulle 'n invloed kan uitoefen op hulle lewensloop (Antonovsky, 1979).

Volgens Antonovsky (1979) is die kenmerkende eienskap van mense wat oor 'n sterk koherensiesin beskik, die vermoë om uit te styg bó hulle negatiewe omstandighede. Mense wat oor 'n sterk koherensiesin beskik, beskik ook oor die vermoë om te konformeer en aan te pas by hul omstandighede.

Volgens Antonovsky (1987) is daar sekere grense met betrekking tot die mate waartoe mense die wêreld as sinvol, voorspelbaar en hanteerbaar vind. Alle aspekte van die lewe hoef nie noodwendig vir 'n persoon hanteerbaar, voorspelbaar en sinvol te wees nie. Sekere sferes van die lewe interesseer sekere mense nie en beïnvloed ook nie hul aanpassing nie. Daar is volgens Antonovsky wel vier aspekte van elke mens se lewe wat wel van belang is, naamlik: die subjektiewe ervaringswêreld, betekenisvolle interpersoonlike verhoudings, die primêre dagtaak, en bestaansvraagstukke soos die dood, mislukking, tekortkominge, konflikte en eensaamheid.

Volgens Strümpfer (1990) is koherensiesin nie 'n bepaalde persoonlikheidseienskap nie, maar eerder 'n bepaalde, globale lewensoriëntasie van 'n persoon. Dit sluit wel aspekte van persoonlikheid in soos: persepsie, geheue, informasie prosessering en lewenservaringe. Herhaalde, suksesvolle aanpassing tydens lewenskrisisse lei tot 'n lewensoriëntasie dat lewensuitdagings voorspelbaar, hanteerbaar en sinvol is.

Volgens Antonovsky (1987) stel die salutogenese 'n bepaalde vraag; naamlik hoe

mense daarin slaag om ten spyte van al die lewe se probleme gesond te bly, goed te funksioneer en aan te pas. Volgens Antonovsky lê die antwoord in die koherensiesin-konstruk vevat. Die koherensiesin ontwikkel deur die verloop van 'n mens se lewe. Die kumulatiewe effek van 'n mens se ontwikkelings-, sosio-kulturele,- en interpersoonlike ervarings, manifesteer as die koherensiesin.

Antonovsky (1987) was van mening dat die koherensiesin kristalliseer teen vroeë volwassenheid. Teen ongeveer 30-jarige ouderdom is die konstruk gevestig. Dit is 'n stabiele persoonlikheidstrek wat nie maklik verander nie. Sodra dit gevestig is, is dit moeilik om te wysig. Dit is 'n lewensuitkyk wat waarskynlik slegs deur traumatiese of katastrofiese blootstelling sal wysig.

Hoe meer 'n individu die ervaring beleef dat die wêreld voorspelbaar, hanteerbaar en verstaanbaar is, hoe sterker ontwikkel die koherensiesin. Dit word ook geïmpliseer dat sou 'n individu die wêreld as onverstaanbaar, onvoorspelbaar en onhanteerbaar ervaar, dit sal lei tot 'n swak ontwikkelde koherensiesin. Verdere soortgelyke ervarings sal dus die koherensiesin aftakel (Antonovsky, 1979).

Volgens Antonovsky (1998) sal 'n persoon met 'n swak ontwikkelde koherensiesin teen volwassenheid in 'n sikliese patroon van degenerasie verval. Selfvervullende profesieë sal daartoe lei dat negatiewe gedrag die koherensiesin verder sal verswak. Hierdie negatiewe siklus word moeilik verander, alhoewel dit nie onmoontlik is nie.

Volgens Antonovsky (1979, 1996) beskik die mens oor 'n reeks aanpassingsmeganismes wat ingespan word met die hantering van spanning. Hoe groter 'n individu se *repertoire* van aanpassingsmeganismes, hoe beter is die individu in staat om tydens spanningsvolle situasies 'n toepaslike aanpassingsmeganisme te kies. Die veralgemene weerstandshulpbronne tree as moderatorveranderlikes op wat gesondheidsbevordering fasiliteer. Die veralgemene weerstandshulpbronne dra daartoe by dat 'n individu ná herhaalde blootstelling aan stressore 'n oriëntasie ontwikkel dat die lewe voorspelbaar, hanteerbaar en sinvol is. Volgens Antonovsky lei die afwesigheid van weerstandshulpbronne tot angstigheid en moontlik patologie.

Patterson (2002) het die volgende moontlike weerstandshulpbronne genoem wat gesinne ten tye van krisis kan ondersteun, naamlik: gesinskommunikasie, aanpasbaarheid, sosio-ekonomiese status, gesondheid, sosiale ondersteuning, duidelik ge-

definieerde gesinsreëls, stabiliteit, gesinsroetines, en gesinsrituele. Bogenoemde eienskappe vorm deel van 'n gesin se bepaalde identiteit.

Sosiale ondersteuning vorm 'n belangrike ondersteuningshulpbron. Dit word deur gesinslede, vriende, die gemeenskap, maatskaplike welsynsorganisasies, en ondersteuningsgroepe verleen. Die uitgebreide gesinsnetwerk vorm ook deel van die sosiale ondersteuningsnetwerk (Antonovsky & Sourani, 1988; McCubbin *et al.*, 1980).

Antonovsky (1987) en Antonovsky en Sourani (1988) verwys na die belangrikheid van veralgemene weerstandshulpbronne wat mense vanuit hulle huislike omgewing verkry, wat hulle help in tye van erge stressore. Volgens Antonovsky en Sourani mag 'n persoon met verloop van tyd die wêreld as sinvol beleef, indien die persoon ondersteuning van gesinslede geniet tydens spanningsvolle ondervindings.

Volgens Antonovsky (aangehaal in Strümpfer, 1990) sal individue wat oor 'n sterk koherensiesin beskik meer geredelik gebruik maak van weerstandshulpbronne tot hul beskikking, as individue wat oor 'n swak koherensiesin beskik. Gevolglik sal mense met 'n sterk koherensiesin waarskynlik spanningsvolle situasies beter hanteer.

Wickens (2000) het bevind dat daar 'n beduidende positiewe verband bestaan tussen koherensiesin en die effektiewe benutting van ondersteuningshulpbronne by eerstejaargestudente wat in krisissituasies verkeer. Sy het ook positiewe korrelasies gevind tussen eerstejaargestudente se persoonlike koherensiesin en hulle persepsie oor hul bepaalde gesinskoherensie.

### **3.2 Gesinskoherensie**

Antonovsky het in sy oorspronklike formulering van die koherensiesin-konstruk daarop gewys dat die konstruk van toepassing is op die individu, sowel as 'n groep. Die grootte van so 'n groep is egter beperk. 'n Gesin, gemeenskap, organisasie of vriendekring kan 'n gemeenskaplike koherensiesin deel. Die konstruk kan waarskynlik nie na 'n groot groep, soos 'n volk of 'n nasie, uitgebrei word nie (Antonovsky, 1979, 1987; Sagy & Antonovsky, 1992).

Gesinskoherensie verwys na 'n gesin se vermoë om aan te pas tydens gesinskrisisse. Hierdie bepaalde vermoë dra daartoe by dat gesinne beter funksioneer ten spyte van verwagte en onverwagte probleme wat verband hou met die gesinslewe.

Die gesinskoherensie-konstruk is 'n uitbreiding en verlenging van die koherensiesin-konstruk (Sagy & Antonovsky, 1992).

As 'n groep die wêreld as verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol ervaar, en daar is 'n groot mate van ooreenstemming binne die groep daaroor, beskik die groep oor 'n sterk koherensiesin. Die mate van konsensus in die groep kan bepaal word deur die mate van variansie tussen die individuele tellings op die Koherensiesin-vraelys. Wanneer eggenote tot 'n groot mate verskil oor die mate van gesinskoherensie wat in hulle gesin heers, is daar per definisie 'n swak koherensiesin in die betrokke gesin teenwoordig (Antonovsky, 1987; Antonovsky & Sourani, 1988).

Gesinskoherensie verwys na 'n bepaalde persepsie wat die gesin hou oor hulle betrokke gesinslewe. Dit is 'n teoretiese konstruk wat handel oor die wêreld-beskoulikheid van die betrokke gesin. Dit handel spesifiek oor die mate waartoe die gesinslede hulle wêreld as verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol ervaar (Sagy & Antonovsky, 1992).

Gesinskoherensie is 'n konstruk wat voortspruit uit teorieë oor reaksie op spanningsvolle ervarings en hoe gesinne aanpas by sulke krisisse. Antonovsky en Sourani (1988) was geïnteresseerd in die verskynsel dat sommige gesinne positief by krisisse aangepas het, terwyl ander gesinne negatief by gesinskrisisse aangepas het. Antonovsky en Sourani het 'n sterk positiewe verband gevind tussen gesinskoherensie en gesinsaanpassing. Hulle het korrelasies van .89 en .85 ( $p < .001$ ) tussen die Gesinskoherensie-vraelys en 'n gesinsaanpassingsvraelys gevind. Antonovsky en Sourani het gevolglik die hipotese gestel dat gesinne wat oor 'n sterk koherensiesin beskik beter sal aanpas by gesinskrisisse as gesinne wat oor 'n swak ontwikkelde koherensiesin beskik.

Lavee, McCubbin en Olson (1987) het gevind dat gesinskoherensie as 'n buffer dien tydens 'n gesin se aanpassing na 'n gesinskrisis. Hoe sterker die gesinskoherensie, hoe beter is die gesinsfunksionering. Hulle het gevind dat die koherensiesin versterk word deur gesinstressore. Die beskikbaarheid van veralgemene weerstandshulpbronne help die gesin om effektief aan te pas by 'n gesinskrisis. Suksesvolle aanpassing daarenteen versterk weer die koherensiesin. Hierdie bevinding bevestig volgens hulle, Antonovsky se teorie. Die algemene vlak van gesinsspanning speel 'n groter rol in gesinsfunksionering as spesifieke gesinskrisisse. Die koherensiesin tree dus op as 'n buffer teen gesinstressore.

Volgens Lavee *et al.* (1987) dra gesinskoherensie direk by tot die mate van gesinsfunksionering. Die vermoë van die gesin om gesinskrisisse te weerstaan, te hanteer en daarby aan te pas, speel 'n beduidende rol in gesinsfunksionering. Die algemene vlak van gesinsfunksionering help die gesin om te herorganiseer ten tye van 'n gesinskrisis. Lavee *et al.* was van mening dat Antonovsky se teorie oor salutogenese bevestig was deur hulle navorsing en dat die koherensiesin-konstruksie 'n beduidende effek op gesinsfunksionering en gesinsaanpassing uitoefen.

Gesinsaanpassing word volgens Antonovsky en Sourani (1988) op twee vlakke gemeet, naamlik die mate waartoe die onderlinge gesinslede by mekaar aanpas en die mate waartoe die gesin in die gemeenskap aanpas.

Volgens Reiss en Oliveri (aangehaal in Sagy & Antonovsky, 1992) word 'n gesin se aanpassing op spanningsvolle gebeure direk beïnvloed deur die gesin se wêreldbeskoulikheid.

Sagy en Antonovsky (1992) het die aftrede van 'n gesinslid bestudeer as 'n normale lewensfase gesinskrisis. Sekere gesinne het die proses van aftrede as 'n krisis ervaar, terwyl ander dit as 'n uitdaging ervaar het. Die mate waartoe 'n gesin só 'n krisis ervaar, hang af van die mate van gesinskoherensie. Sagy en Antonovsky verwys na die eeu-oue vraagstuk in die gesinsielkunde of die gesin as geheel bepaalde eienskappe openbaar en of dit 'n kombinasie is van elke lid van die gesin se persoonlike eienskappe. Sagy en Antonovsky was van mening dat daar wel vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief na 'n bepaalde gesinsidentiteit verwys kan word. Hierdie kollektiewe gesinsoriëntasie verskil van individuele lede van die gesin se persoonlike oriëntasie.

Lavee, McCubbin en Patterson (1985) het in hul navorsing oor die hervestiging van weermaggiesinne gevind dat die kumulatiewe effek van geassosieerde vroeë stressore 'n beduidende effek op die belewenis van 'n huidige krisis uitgeoefen het. Onopgeloste vroeë krisisse dra by tot die belewenis van 'n bepaalde krisis. Hoe groter die kumulatiewe effek van onopgeloste krisisse, hoe meer negatief beïnvloed dit die aanpassing op die huidige krisis. Hierdie bevindings stem ooreen met vorige navorsingsbevindings oor stres en patalogie. Volgens Lavee *et al.* word die negatiewe effek van akkumulasie deur ondersteuningshulpbronne soos sosiale ondersteuning en gesinskoherensie gebuffer. Lavee *et al.* en Sagy en Antonovsky

(1992) het bevind dat gesinskoherensie 'n direkte invloed uitoefen op gesinsaanpassing tydens gesinskrisisse.

### 3.3 Die Kontekstuele benadering tot gesinsfunksionering

Olson, Russell en Sprenkle (aangehaal in Olson, 1986, 1989, 1993; Olson *et al.*, 1983; Walker, 1985) het die Kontekstuele-model van gesinsfunksionering ("Circumplex") ontwikkel deurdat hulle meer as 50 gesinskonstrukte aan faktorontleding onderwerp het. Hulle het die drie konstrunkte geïdentifiseer wat die sterkste ladings getoon het, naamlik: gesinskohesie, gesinsaanpasbaarheid en gesinskommunikasie. Die Kontekstuele-model is op hierdie drie dimensies gegrond. Die model is 'n integrasie van die Sisteemteoretiese-model en die Ontwikkelingsmodel. Dit verteenwoordig 'n holistiese benadering tot gesinsfunksionering.

Volgens Olson (1986, 1989) en Olson *et al.* (1983) is die rasionaal van die Kontekstuele-model van gesinsfunksionering dat gesinne hulle mate van kohesie en aanpasbaarheid sal wissel na gelang van die eise wat die onderskeie gesinsfases aan die gesin stel. Gesonde gesinsfunksionering vind plaas wanneer daar 'n balans tussen die onderskeie dimensies van die model heers. Gebalanseerde gesinne sal beter funksioneer as ekstreme gesinne. Té min of té veel kohesie of aanpasbaarheid word geassosieer met disfunksionele gesinne. Gebalanseerde gesinne toon beter kommunikasiestyle as disfunksionele gesinne.

Die twee dimensies van die model, naamlik kohesie en aanpasbaarheid is in 'n kurwe-liniêre verhouding tot mekaar. Die Kontekstuele-model van gesinsfunksionering onderskei tussen drie tipes gesinne, naamlik: goedgefunksionerende gesinne, funksionele gesinne en disfunksionele gesinne. Die model is gegrond op die ABCX-model van gesinskrisis wat deur Hill ontwikkel is en die dubbele ABCX-model wat deur McCubbin en Patterson ontwikkel is (Olson, 1986; Olson *et al.*, 1983).

Volgens Olson *et al.* (1983) word gesinsgeluk onder andere bepaal deur die mate van gesinskohesie, kommunikasie, konflikthanteringsvaardighede, seksuele vervulling, sosiale aanpassing en rolverdelings.

Volgens Olson (1989, 1993) en Olson *et al.* (1983) hou die drie kerndimensies van die Kontekstuele-model die volgende betekenis:

- (a) **Gesinskohesie** verwys na die mate waartoe gesinslede emosioneel tot mekaar gebonde voel. Dit sluit aspekte in soos grense, koalisies, tyd, ruimte,



vriende, besluitneming, belangstellings en vryetydsbesteding. Daar word onderskei tussen vier vlakke van kohesie, naamlik: ontkoppeld, geskei, verbind en verstrengeld. Hierdie dimensies verwys na die emosionele vlak van die gesin.

- (b) **Gesinsaanpassing** verwys na die gesin se vermoë om veranderinge te absorbeer en daarby aan te pas. Hier word veral verwys na veranderinge van die gesinstruktuur, gesinsrolle en gesinsverhoudings. Daar word onderskei tussen vier tipes gesinne, naamlik: rigiede, gestruktureerde, buigsame, en chaotiese gesinne.
- (c) **Kommunikasie** tree op as 'n fasiliterende agent tussen gesinskohesie en gesinsaanpassing. Die wyse waarop die gesinslede met mekaar kan kommunikeer beïnvloed die mate van kohesie en aanpassing van die gesin.

Greeff (1995) het die 16 moontlike gesinstipes van die Kontekstuele-model as volg voorgestel (vergelyk Figuur 1):

Chaoties Ontkoppeld	Chaoties Geskei	Chaoties Verbind	Chaoties Verstrengeld
Buigsaam Ontkoppeld	Buigsaam Geskei	Buigsaam Verbind	Buigsaam Verstrengeld
Gestruktureerd Ontkoppeld	Gestruktureerd Geskei	Gestruktureerd Verbind	Gestruktureerd Verstrengeld
Rigied Ontkoppeld	Rigied Geskei	Rigied Verbind	Rigied Verstrengeld

Figuur 1. 'n Voorstelling van 16 moontlike gesinstipes volgens die Kontekstuele-model (Olson, 1993).

Fisher en Sprenkle (aangehaal in Olson *et al.*, 1983) het 'n opname onder 310 gesinsterapeute gedoen en bevind dat gesinskohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie die belangrikste aspekte van gesinsfunksionering was.

Volgens Olson *et al.* (1983) vind optimale gesinsfunksionering in die middel van die onderskeie kontinue plaas. Dit sluit aan by Antonovsky se mening dat optimale koherensiesin in die middel van die kontinuum plaasvind. Die ekstreme pole dui op moontlike gesinspatologie en disfunksionaliteite. Gesinne wat hoog of laag op beide dimensies funksioneer sal waarskynlik meer disfunksioneel wees as gesinne wat in die middel van die dimensies funksioneer. Die 16 tipes gesinsfunksioneringvlakke kan gereduseer word na drie vlakke, naamlik: gebalanseerde, middelmatige en ekstreme gesinne (Olson, 1986).

Die Kontekstuele-model maak voorsiening vir kulturele afwykings. As 'n bepaalde kultuurgroep normatiewe afwykings van die model toon, word gesinne as funksioneel beskou indien die onderlinge gesinslede tevredenheid toon met die vlak van gesinsfunksionering (Olson, 1986).

## HOOFSTUK 4

### METODE VAN ONDERSOEK

#### 4.1 Meetinstrumente

Op grond van aanbevelings deur Bartram (2001), Berry (1980), Bracken en Barona (1991), Brislin (1986), Clark en Watson (1995), De Bruin (1998), Die Internasionale Toetskommissie (1999), Hambleton en Kanjee (1995), Hulin (1987), Kanjee (2001), Kline (1986), Segall (1986), Sperber, Devellis en Boehlecke (1994), Van de Vijver en Hambleton (1996), Van de Vijver en Leung (1997) en Werner en Campbell (1970) is die volgende prosedures gevolg met die vertaling van die vraelyste na Sepedi (die *lingua franca* van die Noord-Sothos):

- (a) Die vraelyste is deur Sepedi-sprekende taalkundiges van die Taalsentrum van die Universiteit van die Noorde vanuit Engels na Sepedi vertaal.
- (b) Die vraelyste is vervolgens deur 'n tweede, objektiewe, Sepedi-sprekende taalkundige, verbonde aan dieselfde sentrum, terugvertaal na Engels.
- (c) Die navorser het saam met 'n derde Sepedi-sprekende taalkundige, verbonde aan die Taalsentrum van die Universiteit van die Noorde, wat oor sielkundige opleiding beskik, die vraelyste gekontroleer vir akkuraatheid van vertaling.
- (d) Gevolglik het die huidige navorser die vertaalde en terugvertaalde weergawes van die vraelyste na 'n geregistreerde, Sepedi-sprekende sielkundige, verbonde aan die Studentevoorigtingsburo van die Universiteit van die Noorde geneem om die akkuraatheid van vertaling te kontroleer. Geringe wysigings is op grond van die aanbevelings van die Sepedi-sprekende sielkundige aangebring.
- (e) 'n Voortoeftegniek is gebruik deurdat die huidige navorser self die eerste vraelyste gadministreer het. Die reaksie van die deelnemers is noukeurig geobserveer om te bepaal of sekere items problematies was. Hierdie voortoeftegniek is ook gebruik om die betrokke veldwerker op te lei in die administrasie van die vraelyste.

##### 4.1.1 Gesinskoherensie-vraelys

Die Gesinskoherensie-vraelys (Family Sense of Coherence Questionnaire) (FSoc) is

deur Antonovsky en Sourani (1988) ontwikkel om die gesinskoherensie-konstruk te meet. Antonovsky en Sourani het die moontlikheid ondersoek om die koherensiesin-konstruk na gesinne te veralgemeen. Die Gesinskoherensie-vraelys is 'n aangepaste weergawe van die Koherensiesin-vraelys. Van die items is uitgehaal, ander is aangepas en sommige is bygevoeg. Die rasionaal van die Gesinskoherensie-vraelys is gebasseer op dié van die Koherensiesin-vraelys. Die rasionaal van die Gesinskoherensie-vraelys handel oor die mate van konsensus tussen die eggenotes oor die mate van gesinsfunksionering en die wyse waarop hulle by gesinskrisse aanpas.

Die Gesinskoherensie-vraelys bestaan uit drie sub-skale, naamlik: Verstaanbaarheid, Hanteerbaarheid en Betekenisvolheid. Items 1\*, 4, 7, 14, 15\*, 18\*, 21\* en 24\* meet verstaanbaarheid. Items 2, 3\*, 5\*, 9\*, 10\*, 11, 16, 20 en 22\* meet hanteerbaarheid. Items 6\*, 8, 12, 13\*, 17, 19, 23, 25\* en 26\* meet die betekenisvolheid aspek. Die items gemerk met "\*" is negatief bewoord, met 'n omkering van itemresponswaardes ('n 7 word 'n 1, 'n 6 word 'n 2 en omgekeerd). Die response dra gewigte soos aangedui op die vraelys. Sub-skaaltellings word bymekaar getel om 'n totale gesinskoherensie telling te verkry.

Die Gesinskoherensie-vraelys bestaan uit 26 items in die vorm van 'n semantiese differensiaal. Dit is 'n sewepunt Likert-tipe houdingskaal met twee ekstreme teenpole. Veertien van die items is omgekeerd en moet omgekeerde waardetoekenning ontvang. 'n Hoër telling dui op sterker gesinskoherensie (Antonovsky & Sourani, 1988).

Die vraelys meet die persepsie van die eggenote oor die mate van koherensiesin wat in die gesin heers. Verder meet die vraelys die persepsie van die eggenote dat hulle gesinslede bymekaar en in die gemeenskap inskakel. Die Gesinskoherensie-vraelys meet ook die aanpasbaarheid van eggenote om effektiewe aanpassingsmeganismes te kies om betrokke gesinskrisse die hoof te bied. Antonovsky en Sourani (1988) het gevind dat 'n sterk koherensiesin verband hou met aanpassing by traumatiese gesinservaringe.

#### **4.1.2 Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8)**

Die Gesinsfunksioneringsvraelys (Family Attachment and Changeability Index-8) (FACI-8) is 'n verkorte, aangepaste weergawe van die FACES II-vraelys. Die Gesinsaanpasbaarheids- en Kohesievraelys (Family Adaptability and Cohesion Evaluation Scales) (FACES) is oorspronklik deur Olson, Russell en Sprenkle (1989) ontwikkel.

Die FACES-vraelys bestaan uit 50 items (Olson, 1989).

Volgens Greeff (1995) verkeer FACES nog in 'n stadium van ontwikkeling. Dit word bevestig deur die ontwikkeling van FACES-vraelyste. Die FACES-vraelys meet die kohesie- en aanpasbaarheidsdimensies van gesinsfunksionering. Die vraelys is beskikbaar vir egpare, sowel as die hele gesin (Sawin, Harrigan & Woog, 1995).

Olson (1993) en Olson, Portner en Bell (aangehaal in Olson *et al.*, 1983) het die Family Adaptability and Cohesion Evaluation Scales (FACES II) ontwikkel om die algemene vlak van gesinsfunksionering te meet.

Sawin *et al.* (1995) het die volgende psigometriese eienskappe vir FACES II gerapporteer, naamlik: Cronbach-alpha betroubaarheidskoëffisiënte van .87 (kohesie), .78 (aanpasbaarheid) en .90 (totaal-skaal). Toets-hertoets betroubaarheidskoëf-fisiënte, na afloop van 4 tot 5 weke, was .83 (kohesie) en .80 (aanpasbaarheid).

Volgens Olson (1993) beskik die FACES-vraelys oor bevredigende voorkomsgeldigheid, na aanleiding van navorsers in die gesinswetenskappe se evalueering daarvan. Die Gesinsaanpasbaarheid- en Kohesievraelys (FACES) beskik oor diskriminante geldigheid, aangesien dit effektief tussen funksionele en disfunksionele gesinne onderskei. Die interne-stabiliteit en die toets-hertoetsbetroubaarheid van die FACES-vraelys was hoog, soos deur navorsing bevestig ( $r = .80$ ). FACES is 'n selfrapportering-vraelys, wat gesinsfunksionering volgens die Kontekstuele-model van gesinsfunksionering evalueer.

Die Gesinsfunksionering-vraelys is deur McCubbin, Thompson en Elver aangepas om gesinsfunksionering te meet. Dit is 'n 16-item, vyfpunt Likert-tipe semantiese differensiaal skaal. Die vraelys bestaan uit twee sub-skale, naamlik aangetrokkenheid tot mekaar (Kohesie) en die vermoë om te verander (Aanpasbaarheid) (McCubbin, Thompson & McCubbin, 1996).

Die vraelys meet twee vlakke van gesinsfunksionering, naamlik die huidige vlak van gesinsfunksionering en die gewenste vlak van gesinsfunksionering. Aangesien die deelnemers in die onderhawe ondersoek semi-geskoolde, landelike persone was, is slegs die huidige vlak van gesinsfunksionering gemeet. Die huidige vlak van gesinsfunksionering is vir die doel van die huidige ondersoek as 'n maatstaf van gesinsfunksionering gebruik.

Elke sub-skaal bevat agt items. Items 2, 5, 7, 9, 12, 13, 15 en 16 meet Kohesie en word in die teenoorgestelde rigting nagesien (1=5, 2=4, 3=3, 4=2 en 5=1). Items 1, 3, 4, 6, 8, 10, 11 en 14 meet die Aanpasbaarheids-dimensie. Hierdie items word normaalweg gesommeer. Sub-skaaltellings word verkry deur die syfers, gemerk deur die respondent vir elke item vir die betrokke sub-skaal, te sommeer. Die twee sub-skaaltellings word dan bymekaar getel en deur twee gedeel om 'n gesinsfunksioneringsindeks te kry.

## 4.2 Steekproefneming

Volgens Lonner en Berry (1986) is dit aanvaarbare praktyk tydens kruis-kulturele navorsing om 'n enkele gemeenskap as verteenwoordigend van die betrokke kultuur in geheel te gebruik. Wanneer ewekansige steekproewe nie haalbaar is nie, moet sorgvuldige prosedures gevolg word om 'n steekproef saam te stel. In die huidige ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n nie-ewekansige gerieflikheidssteekproef van 72 Noord-Sotho-egpare (72 mans met hulle vrouens). Hierdie egpare verteenwoordig die hele spektrum van die getroude gesinslewenssiklus.

Twee spesifieke nedersettings ("villages"), met hoofsaaklik Sepedi-sprekende inwoners, is geïdentifiseer waar gesinne genader is om op 'n vrywillige basis aan die projek deel te neem. Die eerste nedersetting was gerieflikheidshalwe gekies, aangesien dit die nedersetting is waar die veldwerker woonagtig is. Die veldwerker is 'n gerespekteerde lid van die betrokke gemeenskap. Die tweede nedersetting was gekies aangesien die navorser toegang tot dié spesifieke myndorp gehad het.

Die navorser het saam met 'n veldwerker van deur-tot-deur aangeklop en mense genader om deel te neem aan die ondersoek. Alle Sepedi-sprekende, getroude egpare wat gewillig was om deel te neem, is gevra om die vraelyste te voltooi. Beide egliede moes instem tot deelname, alvorens voortgegaan is met die administrering van die vraelyste.

## 4.3 Deelnemers

Die Noordelike Provinsie is die tuiste van die Noord-Sothos, Shangaan / Tsongas en die Vendas. Die Noord-Sotho staan algemeen as die Pedi bekend. Die taal wat hulle praat (*lingua franca*) word Sepedi genoem (Bruwer, 1963).

Volgens 'n 1996 sensusopname was daar 3.7 miljoen Noord-Sothos, 1.8 miljoen Tsongas en 0.9 miljoen Vendas in die Noordelike Provinsie woonagtig. Na raming is

die samestelling van die bevolking in die Noordelike Provinsie soos volg: Sepedi- (53%), Xitsonga- (23%), en Tshivenda- (16%) sprekers. Die ander 8% bestaan uit Blankes, Indiërs, Kleurlinge en ander groepe (Dikeni, 2001; Gaffney's, 2000/1).

Die deelnemers het bestaan uit 72 Noord-Sotho egpare. Hulle ouderdomme het gewissel tussen 20 tot 80 jaar oud, met die mediaan ouderdom tussen 40 tot 45 jaar oud. Die deelnemers was oorwegend van goeie gesondheid. Die meeste deelnemers is lede van die Sioniste Kerk (ZCC), wat 'n vermenging van die Christelike geloof en tradisionele swart geloofsoortuigings vorm. Daar was 'n ewewigtige verspreiding van geletterdheid onder die deelnemers, wat gewissel het van ongeskoold tot tersiêre opleiding.

Die onderskeie beroepskategorië is ook 'n weerspieëling van die vlakke van geletterdheid. Die deelnemers kom hoofsaaklik vanuit die landelike en semi-landelike areas van die Noordelike Provinsie. Hulle verteenwoordig hoofsaaklik die laer sosio-ekonomiese strata. Die hele spektrum van die gesinslewensfasies word verteenwoordig (pasgetroud tot die leënes-fase). Die mediaan-getal kinders per egpaar was drie.

#### **4.4 Data-insameling**

Twee nedersettings is geïdentifiseer waar data ingesamel is. Die eerste nedersetting was die tuiste van die betrokke veldwerker. Sy was 'n koshuis-bestuurderes onder die direkte toesig van die huidige navorser. Sy is 'n geloofwaardige lid van die betrokke gemeenskap. Sy het indiensopleiding ondergaan op die terreine van die Opvoedkunde en Geesteswetenskappe. Haar moedertaal is Sepedi en sy is Engels goed magtig. Sy is 'n gematrikuleerde persoon. Die huidige navorser het haar opgelei om die vraelyste af te neem. Sy is vergoed vir die insameling van die data. Sy het 47 egpare in die Polokwane-omgewing genader om op 'n vrywillige basis aan die ondersoek deel te neem.

Die huidige navorser het aanvanklik saam met haar in die nedersetting van deur-tot-deur aangeklop en egpare genader om te verneem of hulle bereid sou wees om aan die ondersoek deel te neem. Indien hulle ingestem het, is die vraelyste afsonderlik in die veldwerker se teenwoordigheid voltooi. Die navorser was op 'n deurlopende basis betrokke by die data-insamelingsproses en die kontrolering van die voltooide vraelyste. Die data-insameling het vyf maande geduur.

In die tweede instansie is 25 egpare in die Phalaborwa-omgewing ook by die

ondersoek betrek. Die navorser het vir 'n tydperk van twee weke na 'n myn in die Gravelotte-omgewing gegaan met die doel om data in te samel. Nadat toestemming by die mynbestuur verkry is, het die navorser, bygestaan deur 'n veldwerker van huis-tot-huis aangeklop en egpare genader om vrywilliglik aan die ondersoek deel te neem.

Met die hulp van die mynbestuur, die plaaslike swart pastoor, en 'n swart skoftoesig-houer, almal sleutelfigure in die betrokke gemeenskap, is 25 egpare op 'n vrywillige basis geïdentifiseer. Die helpers het as tolke opgetree en gehelp om die vertrouwe en goeie samewerking van die egpare te verkry en te behou.

Die deelnemers het die vraelyste afsonderlik in hulle moedertaal, naamlik Sepedi voltooi. Daar is sover as moontlik gepoog dat die egliede nie mekaar se vraelyste onder oë kon kry nie. 'n Sepedi-sprekende veldwerker was ter alle tye teenwoordig om te help met die afneem van die vraelyste.



## HOOFSTUK 5

### RESULTATE

In die huidige ondersoek is gevind dat die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8) betroubare en geldige metings lewer vir gebruik onder Noord-Sothos. Die Gesinsfunksioneringsvraelys word gevolglik gebruik as eksterne kriterium om die Gesinskoherensie-vraelys (FSoC) te valideer. Die totaal-tellings van die Gesinskoherensie-vraelys toon wel eksterne geldigheid wanneer die Gesinsfunksioneringsvraelys as 'n eksterne kriterium gebruik word. Die onderskeie sub-skale van die Gesinskoherensie-vraelys het egter onbevredigende betroubaarheids- en geldigheidskoëffisiënte gelewer. Die Statistica 6 rekenaarpakket is deurgaans gebruik om die statistiese ontledings te doen (StatSoft, 2004).

#### 5.1 Betroubaarheid

Cronbach se alpha-koëffisiënt is vir beide die Gesinskoherensie-vraelys en die FACI-8 bereken om te bepaal hoe betroubaar die items die latente veranderlikes meet (inter-item betroubaarheidskoëffisiënte). In Tabel 1 word die onderskeie alpha-koëffisiënte aangedui.

Tabel 1

*Cronbach-alpha Betroubaarheidskoëffisiënte vir die Gesinskoherensie-vraelys (FSoC) en die Gesinsfunksioneringsvraelys (FACI-8) (N=144)*

Sub-skale	Cronbach-alpha
FSoC Verstaanbaarheid	0.47
FSoC Hanteerbaarheid	0.60
FSoC Betekenisvolheid	0.57
FACI-8 Kohesie	0.80
FACI-8 Aanpasbaarheid	0.77

Uit Tabel 1 blyk dit dat die drie sub-skale van die Gesinskoherensie-vraelys nie oor bevredigende interne-stabiliteit (inhoudsbetroubaarheid) beskik nie. Die twee sub-skale van die Gesinsfunksioneringsvraelys daarenteen, het wel bevredigende betroubaarheidskoëffisiënte vir hierdie ondersoekgroep gelewer.

Die Cronbach-alpha betroubaarheidskoëffisiënte vir die totaal-skaal van die FSoC was deur middel van die verdeelde-helfte metode bereken. Die alpha-koëffisiënte vir die twee helftes was onderskeidelik .64 en .58 ( $r = .63$ ). Die totaal-skaal van die FSoC lewer dus ook nie aanvaarbare betroubaarheidsindekse nie.

Die Cronbach-alpha koëffisiënte vir die totaal-skaal van die FACI-8 is ook deur middel van die verdeelde-helfte metode bereken. Die alpha-koëffisiënte vir die twee helftes was onderskeidelik .80 en .77 ( $r = -.07$ ). Die FACI-8 lewer deurgaans aanvaarbare betroubaarheidsindekse. Die lae korrelasie tussen die twee alphas, dui daarop dat die twee sub-skaal twee afsonderlike en onafhanklike konstrunkte meet.

Die Cronbach-alpha betroubaarheidskoëffisiënte van 'n enkel-faktor model, om te bepaal of die FSoC-vraelys een konstruk, naamlik gesinskoherensie meet, lewer ook nie bevredigende koëffisiënte nie (.61 en .60,  $r = .66$ ). Hierdie betroubaarheidskoëffisiënte is deur middel van die verdeelde-helfte metode bereken.

Die Cronbach-alpha betroubaarheidskoëffisiënte van 'n enkel-faktor model vir die FACI-8 het ook nie bevredigende resultate gelever nie (.43 en .57,  $r = .66$ ). Dit dui daarop dat die FACI-8 twee afsonderlike en onafhanklike konstrunkte meet, naamlik kohesie en aanpasbaarheid.

## **5.2 Geldigheid**

Twee verskillende tipes geldigheidsbepalings is gedoen, naamlik die bepaling van die konstrukgeldigheid van beide vraelyste, sowel as die eksterne geldigheid van die Gesinskoherensie-vraelys.

### **5.2.1 Konstruktgeldigheid**

Ten einde die konstrukgeldigheid van die vraelyste te bepaal, is bevestigende faktorontledings met die Statistica 6 rekenaarpakket gedoen (StatSoft, 2004). Vir hierdie doeleindes is Jöreskog se Passingstoets (Goodness of Fit Index) gedoen. Die Jöreskog-waarde is 'n aanduiding van hoe goed die data die teoretiese model ondersteun (passingstoets). Die Jöreskog-indeks is gegrond op strukturele vergelykingsmodulering.

Wanneer die model gespesifiseer word om drie faktore te evalueer (die drie sub-skaal), is die berekende Jöreskog-waarde vir die Gesinskoherensie-vraelys .62. 'n Algemene riglyn is dat die waarde groter as .95 moet wees (StatSoft, 2004). Die

resultate van die bevestigende faktorontledings vir die Gesinskoherensie-vraelys word in Tabel 2 getoon.

Tabel 2

*Resultate van Bevestigende Faktorontledings vir die drie sub-skale van die Gesinskoherensie-vraelys (N=144)*

Item	Sub-skaal	Parameter	SA	T-waarde	p-waarde
1	Verstaanbaar	0.90	0.15	6.08	0.00*
14	Verstaanbaar	0.30	0.19	1.58	0.11
15	Verstaanbaar	0.37	0.19	1.95	0.05
18	Verstaanbaar	0.97	0.14	7.03	0.00*
21	Verstaanbaar	0.80	0.17	4.76	0.00*
24	Verstaanbaar	0.81	0.14	5.94	0.00*
4	Verstaanbaar	-0.32	0.20	-1.61	0.11
7	Verstaanbaar	-0.51	0.17	-2.91	0.00*
10	Hanteerbaar	-0.03	0.17	-0.17	0.87
11	Hanteerbaar	-1.08	0.14	-7.69	0.00*
